Hoërskool Wesvalia

KRIEKETREGLEMENT

HERSIEN: 22 MEI 2023

Inhoudsopgawe

1. INLEIDING 3

2. DOELSTELLINGS 3

3. SEISOENE 3

4. OEFENTYE 3

4.1 BINNE-SEISOEN OEFENINGE 3

4.2 BUITE-SEISOEN OEFENINGE 4

5. WEDSTRYDE 4

6. AFRIGTINGS- EN SKEIDSREGTERKLINIEKE 4

7. KLEREDRAG 4

7.1. AFRIGTERS EN SPELERS 4

8. GEDRAG 5

8.1. AFRIGTERS 5

8.2. SPELERS 6

8.3. OUERS 6

9. AFWESIGHEDE VAN OEFENINGE EN WEDSTRYDE 6

9.1. AFRIGTERS 6

9.2. SPELERS 7

10. PROEWE 7

10.1. SKOOLSPANNE 7

10.2. STREEK- EN NOORDWESPROEWE 7

11. SPANLYSTE 7

12. KOMMUNIKASIE 8

13. APPARAAT 8

14. OUDERDOMSGROEPE 8

15. AFSLUITING 8

16. OUERKOMITEE 8

17. PRYSUITDELINGSBELEID 9

17.1. EREKLEURE 9

17.2. MERIETE 9

1. INLEIDING

Sport is 'n belangrike komponent van enige skool en kan ‘n baie kragtige samebindende faktor in 'n skoolgemeenskap wees. Die teenoorgestelde kan ook waar wees. Dit bly dus belangrik dat ons gesamentlik sal fokus op die doelwitte wat nagestreef word.

In ‘n strewe na uitnemendheid en om die beeld van Hoërskool Wesvalia se krieket uit te bou en te vestig as ‘n ikoon in die Provinsie, is dit baie belangrik dat die krieketbeleid sal dien as ‘n instrument om ‘n gevoel van samehorigheid en ‘n gees van samewerking en stylvolle gedrag tot stand te bring.

2. DOELSTELLINGS

Daar word beoog om die volgende doelstellings met krieket te bereik:

- Om ‘n liefde vir die spel te kweek
- Om blootstelling aan alle leerders te bied wat die spel wil beoefen
- Om kwaliteit afrigting aan te bied aan die hand van die nuutste afrigtingstegnieke
- Die skep van wedstrydgeleenthede op ‘n gereelde basis
- Die bevordering van die skool se krieketprestasies en –standaarde
- Die ontwikkeling van individuele- en spanpotensiaal
- Die daarstel van strukture vir die behoorlike administrasie en organisering van krieket by die skool
- Om die groei van ‘n gesonde krieketkultuur oor die langtermyn te verseker
- Om deur innovasie die sport te bevorder in die skool en die gemeenskap
- Om respek te kweek onder spelers, opponente, afrigters en skeidsregters en goeie sportmangees te bevorder

3. SEISOENE

Daar is twee krieket seisoene. Die eerste seisoen is gedurende die eerste kwartaal en die tweede seisoen is gedurende die derde en vierde kwartaal.

Spelers word ook aangemoedig om aan klub-krieket deel te neem. Indien daar op dieselfde dag klub- en skoolsport is, behoort die skoolsport voorkeur te kry.

4. OEFENTYE

4.1 BINNE-SEISOEN OEFENINGE

- Maandae, Dinsdae, Woensdae (indien daar nie aan kultuur deelgeneem word nie) en Donderdae.

- Oefeninge word ingedeel in tydskedules en word bepaal deur die afrigters en beskikbaarheid van nette en velde.

- Indien leerders afwesig gaan wees, moet hul **persoonlik** die afrigter laat weet en nie die boodskap aanstuur nie, hul moet ook besef dat gereelde bywoning van oefeninge ‘n vereiste is vir spankeuses.

4.2 BUITE-SEISOEN OEFENINGE

- Maandae, Dinsdae, Woensdae (indien daar nie aan kultuur deelgeneem word nie) en Donderdae.
- Oefentye is 15h00 tot 17h00.
- Alle spelers wat in aanmerking geneem wil word vir die Superliga-spanne word aangeraai om ten minste twee maal per week ‘n oefening bywoon. Reëlings kan met die afrigters getref word vir alternatiewe oefentye indien bogenoemde tye bots met wintersport oefentye.
- Afrigters moet register hou van spelers wat oefeninge bywoon, oefeninge moet stiptelik begin en eindig.

5. WEDSTRYDE

- Wedstryde word op Weeksdae en/of Saterdae gespeel, afhangend van liga bepalings.
- Wedstryde sal op die kwartaalprogram en Whatsapp groepe aangedui word.
- Enige veranderinge sal aan die ouers deurgegee word deur middel van die Whatsapp groepe.
- Daar sal skool vervoer beskikbaar wees indien buite KOSH-gebied speel. Spelers moet vooraf buskaartjies koop om getalle te bevestig.
- Indien spelers met private vervoer na wedstryd gaan, moet hul 60 min voor die aanvang van die wedstryd reeds by die veld wees.
- Tydens ons kolfbeurt moet alle spelers bymekaar sit en weet wat die telling van elke kolwer op die veld is. Dit is belangrik om ook te weet wat ons mikpunte is en te weet indien een van ons kolwers ‘n mylpaal bereik. Almal moet saam hande klap vir 50 en 100 talle.
- ‘n “Man of the match” balkie word die eerste Maandag na elke wedstryd oorhandig aan die beste speler van elke wedstryd. Dit is in die afrigter se diskresie wie die balkie moet ontvang.

6. AFRIGTINGS- EN SKEIDSREGTERKLINIEKE

Afrigters moet ten minste elke 3 jaar gaan vir amptelike opleiding. Enige informele opleiding word ten sterkste aanbeveel.

7. KLEREDRAG

7.1. AFRIGTERS EN SPELERS

- ‘n Krieket langbroek of kort oefenbroek, kriekethemp of T-hemp, spykerskoene of tekkies word gedra tydens afrigting en oefeninge.

- Geen spykerskoene word op die matte by die nette toegelaat nie.

- Tydens wedstryde word die amptelike wedstryddrag gedra soos deur die klerebeleid gestipuleer.
- Daar word slegs met krieket langbroeke gespeel.
- Geborgde klere moet in die amptelike sportkleure van die skool wees.
- Die kaptein moet tydens die loting die skool se kleurbaadjie aan hê.
- Eerste span baadjies mag op Vrydae aangetrek word.
- Slegs eerste spanne en o/15A dra ‘n baggy.
- Baggy moet vir die eerste uur of 10 overs van ‘n wedstryd gedra word, waarna spelers die Floppy of die pet kan dra.

8. GEDRAG

8.1. AFRIGTERS

- Die kind kom eerste.
- Onthou jy is eers ‘n opvoeder en dan die afrigter.
- Pret bly steeds’n groot komponent, alhoewel ons kompeterend wil krieket speel.
- Afrigters moet teenwoordig wees as hul spanne oefen.
- Pas die reëls konsekwent toe.
- As jy twyfel, sê so en vra raad.
- Hou die skool se naam hoog en vermy argumente.
- Geen kru taal word toegelaat nie.
- Geen leerder word fisies of emosioneel afgeknou nie.
- Indien daar ‘n dispuut vanaf ouers langs die veld is, mag daar onder geen omstandighede voor of naby die leerders in gesprek getree word nie.
- As ouers hulle wangedra, bring dit onder die komitee se aandag.
- Enige ander dispute/probleme moet onmiddellik onder die komitee se aandag gebring word.
- Ken die spelreëls.

8.2. SPELERS

- Die skeidsregter is altyd reg.
- Jy mag onder geen omstandighede wys dat jy van die skeidsregter se besluit verskil nie.
- Jy mag nie met die opponent in ‘n argument betrokke raak of beledigings uiter nie.
- Hou die skool se naam hoog en moenie in ‘n argument betrokke raak nie.
- Geen kru taal word toegelaat nie.
- Stappe sal geneem word vir swak sportmangees byvoorbeeld toerusting gooi of beskadiging van fasiliteite.
- Spelers is onderdanig aan die gedragskode en dissiplinêre proses van die skool.

8.3. OUERS

- Hou die skool se naam hoog en moenie in ‘n argument betrokke raak nie.
- Geen kru taal word toegelaat nie.
- Geen negatiewe kommunikasie met skeidsregters op die veld tydens of na die wedstryd nie.
- Indien daar iets is waaroor u onseker of ongelukkig is, maak ‘n afspraak, buite oefentye, met die komitee en bespreek dit.
- Die afrigter se spankeuse word professioneel gedoen en moet dus so gerespekteer word.
- Indien ouers ontoepaslik optree, en ons skool se naam enigsins in ‘n negatiewe lig plaas, mag die komitee tugstappe teen die betrokke ouer neem, indien die komitee dit nie kan oplos nie sal dit verwys word na die skool en Beheerliggaam.
- Geen drank is toelaatbaar langs die veld voor of tydens ‘n wedstryd nie.

9. AFWESIGHEDE VAN OEFENINGE EN WEDSTRYDE

9.1. AFRIGTERS

- Afrigters bly verantwoordelik vir die afrigtingsessie.
- Verskonings moet vroegtydig gestuur word aan die betrokke krieketorganiseerder.
- Afrigters moet self iemand in hul plek reël en vir die aflospersoon ‘n volledige oefenprogram en register van spelers vir die oefening gee.

- Hou altyd ‘n paar oefen-idees in ‘n lêer byderhand vir noodgevalle.

9.2. SPELERS

- Maak persoonlik by jou afrigter verskoning of laat jou ouers die skool kontak.
- Leerders word aangemoedig om alle oefening by te woon ten einde ‘n beter kans te staan om wedstryde te kan speel.
- Indien jy nie ‘n wedstryd kan speel nie, moet jy die afrigter so gou as moontlik in kennis stel.

10. PROEWE

10.1. SKOOLSPANNE

- Alhoewel daar gepoog word om spanne so min as moontlik deur die seisoen te verander, is daar ruimte vir spanveranderings tydens die seisoen volgens die afrigter se diskresie.
- Formele proewe word gehou 2 keer per jaar – direk na atletiekseisoen met die oog op die Julievakansie toere en voor aanvang van liga.
- Spankeuses moet aanvaar word as ‘n besluit wat die beste vir almal is volgens die diskresie van die afrigter.

10.2. STREEK- EN NOORDWESPROEWE

- Afrigters gebruik hul professionele oordeel om spelers te nomineer vir proewe, maar spelers is nogsteeds welkom om aan proewe te gaan deelneem.
- Leerders se name sal bekend gemaak word sodra die keuses finaal is.
- Datums vir die proewe word deur Noordwes krieket voorsien en word aan die leerders deurgegee.
- Indien ‘n leerder gekies word vir een van die spanne, is die oefeninge verpligtend.
- Kostes verbonde aan die vervoer na oefeninge en toernooie word deur die spelers self gedra.

11. SPANLYSTE

- Spanne moet ten minste 3 dae voor die tyd aangekondig word.
- Toerspanne moet so gou as moontlik aangekondig word.

- Aansoek vir toerpermitte moet reeds 3 maande voor die tyd ingedien word.

12. KOMMUNIKASIE

- Volg die korrekte kanale. Kontak eers die afrigter, buite oefentye. Indien die saak onopgelos bly, kan die organiseerder gekontak word of die spanverteenwoordiger en as laaste uitweg die sportorganiseerder.
- Die stig van WhatsApp groepe vir spelers en ouers word aangemoedig. Dit help met vinnige deurgee van inligting.

13. APPARAAT

- Leerders moet hul eie kriekettoerusting voorsien.
- Die skool sal wedstrydballe voorsien.

14. OUDERDOMSGROEPE

- Junior spanne (o/14 en o/15)
- Senior spanne (o/16, o/17 en o/18)

15. AFSLUITING

'n Georganiseerde sportafsluiting word aan die einde van die seisoen aangebied waar spanne die geleentheid kry om saam met hul spanmaats en afrigters te kuier.

16. OUERKOMITEE

- Die ouerkomitee word elke tweede jaar gekies. Ouers wie se kinders die skool verlaat, of nie meer bereid is om op die komitee te dien nie, se plekke sal gevul word deur middel van 'n verkiesing wat sal plaasvind gedurende Februarie.
- Die komitee bestaan uit:
    - 'n Voorsitter
    - 'n Ondervoorsitter (Krieketorganiseerder)
    - 'n Sekretaresse
    - Junior spanne – twee verteenwoordigers
    - Senior spanne – twee verteenwoordigers
    - Dames spanne – twee verteenwoordigers
- Addisionele lede kan gekoöpteer word indien 'n spesifieke rol vervul moet word.

17. PRYSUITDELINGSBELEID

17.1. EREKLEURE

- Spelers verteenwoordig sy provinsie/land in ‘n amptelike wedstryd.
- ‘n Uitstaande prestasie wat volgens die komitee hoogs verdienstelik is byvoorbeeld wenners van Noordvaal kompetisies, Noordwes wenners (A-been) of Noordwes oefengroep.
- Uitsluitings: Leerders wat hulself nie beskikbaar stel vir enige krieket skoolspan waarvoor hulle gekies word nie, sal nie in aanmerking kom vir erekleure nie. Erekleure word in die geval vervang met Meriete.

17.2. MERIETE

- Speler wat 3 jaar of meer lid is van die Eerstespan
- Speler wat gekies word om in die NSL (Noordwes Schools League) te speel
- Wenners van Funsbury liga, KOSH liga of B-Been van Noordwes liga
- Krieket het bykomende trofeë nl. Vir 100-talle, Driekuns en Vyf paaltjie